

29 September

Skrifgedeelte: Johannes 6:22-40

Jesus is die brood wat lewe gee, glo jy in Hom?

"Rabbi, wanneer het U hierheen gekom?" Jesus antwoord nie op hulle vraag deur te sê dat Hy op die water geloop het nie. Hy ken die motief agter hulle vraag: meer kos! Daarom sê Hy: "Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en die ewige lewe gee". Dit laat die volk dadelik dink aan die manna wat God uit die hemel gegee het. Dit is vir hulle 'n groter teken as die vermeerdering van die brode. Maar dan wys Jesus hulle daarop dat Hy uit die hemel kom as die ware brood wat God gee: "Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom sal nooit weer honger kry nie..." (Op 2:17). Maar dan die teleurstellende as Jesus sê: "Julle sien My en tog glo julle nie in My nie".

En ons, ons wat Jesus nog nooit gesien het nie, hoe sal ons ooit glo? Is Jesus se werk dan 'n mislukking? Nee, dit gaan volgens God se plan, naamlik die uitverkiesing: Vers 37 (OAV) "... al wat die Vader My gee, sal na My toe kom". Terselfdertyd beklemtoon Jesus ook die mens se verantwoordelikheid, "... en Ek sal hom wat na My toe kom nooit uitwerp nie". Kyk ook na verse 39 en 40. Wat 'n genadevoorreg as jy nou reeds van die lewende brood eet om geestelik vir ewig versadig te kan wees, nie net wat jou siel betref nie, maar ook liggaamlik. Hy belowe: "Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan". Dit gee God vir al sy uitverkorenes.

Sing: Skrifberyming 24:1,6

Ds J Venter (Emeritus)